GRAAN SA/GRAIN SA

Perspektief
PERSPECTIVE

NUUSBRIEF
NEWSLETTER

**KLIK HIER VIR DIE AFRIKAANSE WEERGAWE** | **CLICK HERE FOR ENGLISH VERSION**

**22/02/2013**
**WEEK 8 - 2013**

**In hierdie uitgawe...**


- **Jongste verwikkelinge ten opsigte van die dieselkorting**
- **Minimum loon: Sektorale vasstelling vir plaaswerkers van toepassing vanaf 1 Maart 2013**


## Jongste verwikkelinge ten opsigte van die dieselkorting

*Corné Louw (senior ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA)*

»Graan SA en Agri SA het onlangs goeie nuus van die SAID ontvang met betrekking tot die situasie rakende die indiening van logboeke om vir 'n dieselkorting te kwalifiseer. Ons is dus verheug om die jongste verwikkelinge in hierdie verband met ons lede te deel.

Ná ekstensiewe onderhandelinge met die SAID, het hulle op 15 Februarie vir Graan SA en Agri SA in kennis gestel dat hulle bereid is om 'n uitsondering te maak ten opsigte van die hou van logboeke in die verlede. Alternatiewe inligting sal egter nog voorsien moet word om dieselverbruik te staaf.

Die SAID se intensie is om alle relevante afdelings van Skedule 6 van die Wet op Doane en Aksyns retrospektief te wysig, sodat alternatiewe inligting gebruik kan word in gevalle waar logboeke nie gehou is nie. Hierdie is 'n kompromie wat die SAID slegs vir die verlede maak; die hou van logboeke in die toekoms bly egter van kritieke belang.

Tydens die afgelope jaar se oudits deur die SAID is ook opgemerk dat daar heelwat grysareas en onsekerhede oor die interpretasie van die dieselkortingstelsel is. Graan SA en Agri SA is dus ook in die proses om hierdie aspekte met die SAID op te neem.

Verder is die SAID ook besig om werkswinkels regoor die land te reël (Februarie in die Kaap en April in die Noorde) in verband met die toepassing van die dieselkortingstelsel. Hierdie werkswinkels sal terselfdertyd as 'n goeie geleentheid dien om die genoemde grysareas en onsekerhede met die SAID te bespreek.

**Terug na bo**

## Minimum loon: Sektorale vasstelling vir plaaswerkers van toepassing vanaf 1 Maart 2013

» **http://www.grainsa.co.za/documents/Comprehensive_Advice_Document.pdf**

**Terug na bo**

GRAAN SA • GRAIN SA
Posbus 74087 • PO Box 74087
Lynnwood Ridge 0040,
Suid-Afrika • South Africa
+27 (012) 807-6023 +27 (012) 807-3166
www.grainsa.co.za

Subskripsie-navrae/Subscription enquiries: philip@grainsa.co.za

GRAIN SA
GRAAN SA